CALEDON
Kontreinuus
Sedert 1991
Caledon, Botrivier, Greyton, Genadendal, Tesselaarsdal, Myddleton, Kleinmond, Riviersonderend, Grabouw, Villiersdorp
Jaargang 18 Volume 22 **Vrydag, 5 Junie 2009** Tel: 028-214 1294 Faks: 028-214 1441 **R3.80**

BINNE: *Langer kragonderbreking ondersoek - bl. 4 *Dronk motoriste maak moles - bl. 11

Tesselaarsdal vat Eskom aan

Aan die begin van Maart 2009 het die Tesselaarsdal gemeenskap bewus geword van die voorgestelde kern-kragsentrale by Bantamsklip (naby Pearly Beach) en dat van die voorgestelde hoogspanningskraglyn-roetes daarvandaan 'n direkte impak op Tesselaarsdal/Plaas 811 sou hê.

Twee dinge maak hierdie situasie baie ontstellend – die eerste is dat hierdie roete-voorstelle gedoen is sonder om 'n gemeenskap van 1500-2000 mense wat hier woon in ag te neem, en die tweede is dat hierdie gemeenskap geen amptelike kennisgewing ontvang het dat hierdie roetes ondersoek word, ongeag die feit dat hulle 'n direkte en permanente impak kan hê op hierdie unieke landelike gemeenskap. Die kaart op bl. 3 wys hoe twee van die vier voorgestelde roetes, Alternatief 1 & 2, saamvloei direk oor Tesselaarsdal/Plaas 811.

'n Addisionele roete wat deur die *Aghulas Biodiversity Initiative* (ABI) voorgestel is, volg 'n soortgelyke roete.

Die Tesselaarsdal Aksie Groep (TAG) is gestig, verteenwoordigend van almal in hierdie gemeenskap, om hierdie beplande kernprojek in hierdie hoogs-sensitiewe, unieke en wêreldbekende Overberg-streek teen te staan.

Twee afsonderlike Omgewings-impakstudies (OIS) word gedoen - een vir die kern-kragsentrale, en een vir die hoogspannings-kraglyne.

Lees verder op bl. 3

Eerste sneeu laat Genalers bibber

BIBBERWEER: Greyton en Genadendal het verlede week die eerste aanduidings dat die winter hier is ervaar toe sneeu op die berge in hul kontrei uitgesak het. Gepaard daarmee het goeie reën wydverspreid voorgekom en verligting gebring vir die droogte wat geheers het. Daar was kommer oor die laat reën, maar die goeie neerslae het opgemaak daarvoor. Die sneeu is baie belangrik vir ondergrondse waterbronne en is derhalwe net so belangrik soos die reën. Nog reën word vir vandeesweek voorspel. Gelukkig was dit nog nie nodig vir waterbeperkings nie. Warm wintersklere het ook skielik tevoorskyn gekom vir die koue en reën wat onverwags toegeslaan het. Hopelik sal dié tendens voortduur.

Tesselaarsdal vat Eskom aan

Vervolg van voorblad

Op die oomblik word daar gefokus op die hoogspanningslynroetes omdat 'n Konsep-omgewing-omvangsbepalingsverslag (KOV) in hierdie opsig aan die begin van Maart 2009 uitgereik was, as deel van die OIS. TAG het alreeds 'n 82-bladsy tussentydse reaksie-dokument t.o.v. hierdie KOV ingedien, en moes verdere kommentaar lewer voor die nuwe sperdatum van 22 Mei 2009. Die belangrikste is die potensieële erfenis- en eko-toerisme aspekte rondom Tesselaarsdal wat nie voldoende in ag geneem is nie - hierdie gemeenskap is uniek omdat sy geskiedenis gewortel is in die vrystelling van slawe en die grond wat hulle ge-erf het in 1810, na J. J. Tesselaar se dood. Van die grond word tot vandag toe nog besit deur die direkte afstammelinge van hierdie slawe, en dit is die enigste gemengde gemeenskap in Suid Afrika wat sy grondregte behou het sonder 'n Groepsgebiede-klassifikasie, selfs deur die apartheidsera. TAG beklemtoon ook verder dat nie genoegsame aandag gegee is aan die potensieële rampspoedige sosio-ekonomiese nagevolge van sulke hoogspanningslyne naby hierdie arm gemeenskap nie, en die gevolge van die gepaardgaande daling in grondwaardes, gesondheidsrisikos, veranderinge in landbougrondgebruike, om slegs 'n paar op te noem. TAG voel baie ernstig oor die feit dat die rustige, landelike lewenswyse van Tesselaarsdal, beskerm moet word te alle koste, en dat die gemeenskap aangemoedig moet word om erfenis- en eko-toerisme ondernemings, as ook selfonderhoudende landbou projekte, aan te gaan.

Alle belangstellende en belanghebbende partye (B&BP'e) in die streek, wat geaffekteer sou word deur die voorgestellde hoogspanningslyne kan aanhou om te registreer, ook al het die publieke deelname periode verstryk, deur vir NMA te kontak (Me Theo Hansford theoh@nma.org.za of 011 447 6037). Diegene wat wil registreer as B&BPe m.b.t. die kernkragsentrale se OIS moet by Acer Africa registreer (Me June Mottram june.mottram@acer-africa.co.za). TAG kan ook in die verband gekontak word, bel vir Kobus Visser by 082 923 8041.

TAG sal ook graag almal verwelkom wat woonagtig is in die Overbergstreek en belangstel om by die organisasie aan te sluit. TAG is geaffilieër met die Standveld Toerisme & Bewarings Vereniging (wat self met verskeie ander grondeienaargroepe en belanghebbende organisasies geaffilieërd is, soos die Hemel & Aarde Valley Conservancy, en die Dyer Island Conservation Trust), en werk ook saam met die Overstrand Conservation Foundation van Hermanus.

TAG beoog om 'n permanente gemeenskapsorganisasie te wees, wat sal aanhou werk tot die voordeel van almal wat in Tesselaarsdal/Plaas 811 bly of belang het.

Berig en foto verskaf



Die kaart wat twee van die voorgestelde vier beoogde roetes van die lyn aandui.

EK KOOP OU MUSIEK INSTRUMENTE VIR KONTANT!!

Gibson, Fender, National, Dobro

Elektriese kitare, akoestiese kitare, bas kitare, banjo's, mandoliene en versterkers (amps) van die jare 30's, 40's, 50's, 60's en 70's.

Bel my gerus by 083 273 1591 of 021-913 7075 of e-pos theors@telkomsa.net

KANTOORRUIMTES TE HUUR IN HOOFSTRAAT

Kontak tel. 028-212 3366 / 083 411 0476 vir verdere besonderhede

Caledon Sakekamer **SAKE-ONTBYT**

Saterdag, 20 Junie 2009
om 08:00 by Hoërskool Overberg
Kaartjies: R85 p/p
Spreker: André Diederichs (Old Mutual)
Onderwerp: Besigheidsoerwoud: Lesse uit die natuur

Vir navrae of kaartjies, skakel Riaan Els by tel. 028-214 7100

CALEDON

•3 Slpk. siersteen huis met omheinde erf, 1 motorhuis en buitekamer. R750 000.00.
•3 Slpk. siersteen met dubbele motorhuis, groot erf. R890 000.00.
•Hoek erf met mooi uitsig. R300 000.00.

Kontak Michelle by 028-214 1376 / 082 921 5604

RIVIERSONDEREND

•KOPIE VAN DIE JAAR!!!!!
Erf omhein met pragtige uitsig op berge. 1190m². R110 000.00.

Skakel Wilna Griessel by 082 494 0158 / 028-261 1336